# Afrikaans

## WEEK 7
## DONDERDAG

## Graad 5

Bron: Via Afrika

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

**LEES**: Lees weer die storie van Kabouterland. Elke keer as jy 'n fout maak moet jy van vooraf begin lees. Kyk hoe ver jy kan kom sonder om 'n fout te maak.

## Kabouterland

Lank, lank gelede was daar veertien **kabouters** wat in Kabouterland in vier klein huisies langs mekaar gebly het. Hulle huisies was vol kaboutergoed.

Eendag het die kabouters blommetjies geverf. Die nare **heks** wou die blommetjies steel om haar eie tuin mooi te maak. Toe vang hulle die heks en vat haar na die **koning** kabouter. Hy was **woedend**. Hy sê toe: "**Smyt** hierdie lelike heks dadelik in die **tronk**!"


Die veertien kabouters gooi die heks toe in 'n donker **put**. Daarna breek hulle haar huis af en plant die tuin vol van die blommetjies wat hulle geverf het. Die heks het uit die tronk probeer kom, maar die koning het haar daar gehou.

Na 'n baie lang tyd kom sy toe uit die tronk. Toe sy haar huis gaan soek, het die kabouters haar gegryp en in 'n diep, diep, donker put gegooi. Sy het gegil en geskreeu, maar sy kon hulle nie meer pla nie. Die kabouters het nog blomme geverf: pienk, pers, geel, rooi en al die kleure van die **reënboog**.

Hulle het vir ewig en altyd gelukkig in hulle huisies gebly.


Laerskool Mikro Kopiereg ©

## SPEL: Leer die volgende woorde en skryf ’n speltoetsie!



1) kabouters
2) koning
3) woedend
4) smyt
5) reënboog
6) blommetjies
7) lelike





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# TAALLEER:

## MEERVOUDE EN VERKLEINWOORDJIES

Lees weer Kabouterland deur en soek al die verkleinwoorde en meervoude wat jy kan kry.

**Kabouterland**

Lank, lank gelede was daar veertien **kabouters** wat in Kabouterland in vier klein huisies langs mekaar gebly het. Hulle huisies was vol kaboutergoed.

Eendag het die kabouters blommetjies geverf. Die nare **heks** wou die blommetjies steel om haar eie tuin mooi te maak. Toe vang hulle die heks en vat haar na die **koning** kabouter. Hy was **woedend**. Hy sê toe: "**Smyt** hierdie lelike heks dadelik in die **tronk**!"

Die veertien kabouters gooi die heks toe in 'n donker **put**. Daarna breek hulle haar huis af en plant die tuin vol van die blommetjies wat hulle geverf het. Die heks het uit die tronk probeer kom, maar die koning het haar daar gehou.

Na 'n baie lang tyd kom sy toe uit die tronk. Toe sy haar huis gaan soek, het die kabouters haar gegryp en in 'n diep, diep, donker put gegooi. Sy het gegil en geskreeu, maar sy kon hulle nie meer pla nie. Die kabouters het nog blomme geverf: pienk, pers, geel, rooi en al die kleure van die **reënboog**.

Hulle het vir ewig en altyd gelukkig in hulle huisies gebly.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- **VERKLEINWOORDE:** huisies, blommetjies
- **MEERVOUDE:** kabouters, blomme, kleure

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VOORSETSELS



Bestudeer die skets. Kies die korrekte voorsetsels uit die raampie en vul dit in.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| in | voor | langs | op | onder |

1 Die huisies staan ____________________ mekaar.
2 Die koning sit ____________________ sy troon.
3 Die kabouter staan ____________________ sy huis.
4 'n Ander kabouter sit ____________________ 'n boom.
5 Die heks is ____________________ die tronk.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

1) langs
2) op
3) voor
4) onder
5) in



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

**SKRYF:** Gebruik die raam wat vir jou voorsien is en skryf ’n storie oor kabouters en feetjies. Jou storie mag nie langer as 120-130 woorde wees nie.

- Dink aan ’n goeie openingsin – die sin waarmee die storie begin.
- Beplan waaroor jy wil skryf. Die gebeure moet logies plaasvind.
- Dink aan gepaste trappe van vergelyking. In ’n storie oor feetjies en kabouters is alles mooier en kleiner.
- Besluit waaroor die verskillende paragrawe moet gaan. Onthou om verbindingswoorde soos **en**, **want** en **maar** te gebruik.
- Skryf ’n gepaste einde. Die storie moet ’n gelukkig einde hê.

Laerskool Mikro Kopiereg ©